NG Kerk in SA

KOMMUNIKASIEBEAMPTE

Voldagpos (Bellville)

Die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) maak die vakature vir ’n voltydse kommunikasiebeampte bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.

Sleutelprestasie-areas vir hierdie posisie sluit in:

- hulp met taalversorging van berigte, kommunikasie en artikels vir die sinode se weeklikse elektroniese nuusbrief, VrydagNuus, sowel as ander kommunikasie, wat mediaverklarings, omsendbriewe, advertensies en meer insluit;
- hulp met insamel en versorging van foto’s, grafika en videos vir gebruik in sinodale kommunikasie;
- hulp met plasing van inligting, nuus en profielfoto’s op die sinode se sosiale media
- aanleer van funksionering van platform waarop die sinode se nuusbrief, VrydagNuus, saamgestel en versorg word, asook die voorbereiding en uitstuur van inligting;
- hantering van databasis van intekenare vir sinodale kommunikasie;
- telefoniese navrae rakende berigte en artikels vir plasing in die sinode se nuusbrief;
- hulp met die opdatering van sinodale webwerwe
- navorsing vir die Sentrum vir Publieke Getuienis oor publieke sake soos armoede, behuising en ekologie; asook die uitbou en instandhouding van die Sentrum se sosiale media-platforms;
- enige ander relevante funksie wat die sinode se kommunikasieproses dien en uitbou; en
- uiteindelike selfstandige werking om in die afwesigheid van die huidige kommunikasiebestuurder (bv. weens siekte, nood of verlof) die sinodale kommunikasie te hanteer;

Die ideale kandidaat beskik oor toepaslike tersiêre kwalifikasies en voldoen aan die volgende vereistes:

- kennis en ervaring van sosiale mediaplatforms soos Instagram, Facebook, Twitter en YouTube;
- kennis van selfoontoepassings;
- bewese kommunikasievaardighede;
- bewese toepaslike rekenaarvaardighede;
- bewese taal- en skryfvaardighede, beide in Afrikaans en Engels;
- uitstekende interpersoonlike vaardighede;
- noukeurigheid en ingesteldheid op detail;
- ervaring van WordPress-webwerwe se instandhouding is ’n sterk aanbeveling;
- ervaring van video-vervaardiging en redigering is ’n sterk aanbeveling;
- ervaring van grafiese ontwerp is ’n sterk aanbeveling; en
- kennis van en ’n bepaalde aanvoeling vir die kerklike omgewing is ’n sterk aanbeveling.

Vergoedingspakket: Volgens sinodale riglyne.

Rig ’n volledige, toepaslike Afrikaanse CV teen **Maandag 3 Februarie 2020 om 12:00** aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za/021 957 7104.

Heg ook ’n bondige voorlegging van maksimum een bladsy aan waarin u uiteensit hoe u die doel en fokus van sinodale kommunikasie in die NG Kerkfamilie sien en dui spesifiek aan hoe kommunikasie na u mening aangewend kan word om die beeld van die groter NG Kerk te versterk en uit te bou.

Navrae kan gerig word aan ds Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by 081 270 3226 **óf** mnr Kenny Raats (Bestuurder: Menslike Hulpbronne, NG Kerk in SA) by 082 886 5643.